WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 05/2020
29/05/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Antoon Cook van die Infanterie en Leërinligting

In die vorige Nuusbrief het Berdine, Toon se dogter, verwittig dat Toon geval en ‘n ernstige terugslag beleef het. Enkele dae later het Berdine met leedwese verwittig dat Toon op 01/05/2020 rustig in sy slaap in 1 Mil Hosp oorlede is. Toon het tydens sy siekte longontsteking opgedoen, wat dan ook tot sy afsterwe gelei het. Berdine verwittig dat ‘n roudiens na die inperkingstydperk sal plaasvind, wat ook aan Malan in die VSA en aan Ronel in Nieu Zeeland geleentheid sal gee om by te woon. Berdine se selno is 082 385 2550.

2. Afsterwe van Freek Bezuidenhout van die Infanterie

Freek se broer, Pieter, verwittig met leedwese “... dat Freek op 07/05/2020 oorlede is. Hy het vir baie jare as die RSM van Sektor 20 op Rundu gedien.

3. Passing of Willem van der Merwe of the SAN

Arne Soderland advises with regret of “... the passing of Capt van der Merwe at the age of 94 on 13/05/2020 in Pearly Beach, where he lived with his daughter and her family. Our sincerest condolences to his daughter, Engela and family”.

4. Afsterwe van Pieter (Stony) Steenkamp van 28 Esk

Piet Fairbanks van die SALM verwittig met leedwese “... dat Stony op 22/05/2020 in Olifantshoek oorlede is. Hy was ‘n stigterslid van 2 SAI Bn en het by 28 Esk afgetree”.

Barry Gildenhuys van C160-faam voeg by dat “… Stony aan demensie gely het wat later deur ‘n beroerte-aanval vererger is. Hy het op 'n plaas naby Olifantshoek gewoon, maar het nie geboer nie. Pieter Van der Walt van die Vlieënde Geskut deel my mee dat Stony een van die laaste offisiere van die SA Leër was wat sy vliegkursus in 1965 op Cessna’s by 42 LLV Esk op Potchefstroom gedoen het. In 1968 is hy na 42 Esk verplaas”.

5. Afsterwe van William Vorster van die TDK

Paul Els van die Seiners verwittig met leedwese “... dat William op 04/05/2020 oorlede is. Willem was 'n afgetrede offisier van die Tiffies”.

Ed Ruziecki van Logistiek voeg by ... dat Wiliam 77 jaar oud was toe hy in Centurion aan natuurlike oorsake oorlede is. Willem (soos hy ook genoem was) was ten tye van sy uittrede werksaam by Log Steun Formasie in Tek Basis as die bestuurder van die Kleingeweerstelsel. Sy seun, Andre, se e-posadres is alvorster@gmail.com. Na sy aftrede het hy betrokke geraak by Centurion Gemeenskapspolisiëring en was vanaf die stigting van Lyttelton Sektor 1 betrokke. Oom Willem het die GOS daagliks met passie beman en eers in 2009 het meer lede kom help. Rus in Vrede Zulu 1”.

6. Afsterwe van Willie (Mac) McDonald van Logistiek

Ed Ruziecki van Logistiek verwittig met leedwese “… dat Willie na 'n kort tydperk van hospitalisasie op 23/05/2020 in die ouderdom van 67 jaar in die hospitaal in Ballito oorlede is. Mac was op 18/05/2020 vir die behandeling van sepsis opgeneem. Mac was met sy

uittrede die RSM van 83 TVD in Durban gewees. Daar is nie enige kontakbesonderhede beskikbaar nie".

7. Passing of George Basson of the SAN

Arne Soderland also advises with regret of "...the passing of George in Pretoria on 10/05/2020 after suffering a heart attack. Our sincerest condolences to his wife, Rose and son, Philip".

8. Passing of Pieter Scholtz of Army Intelligence

Mike Huxtable of Army Intelligence advises with regret "… that Pieter had passed away in Cape Town on 11/05/2020 after suffering from cancer. Our condolences to his family who were with him when he passed away. The cell number of his son-in-law, Dries Joubert, is 082 415 9147".

9. Afsterwe van André Rossouw van die Infanterie

Robbie Coetzee van die Infanterie verwittig met leedwese van die afsterwe "… van André op 14/05/2020. André was die SO2 Opl by NW Kmdmt toe hy in 1999 uit die diens getree het, waarna hy tot 2016 by 'n sekuriteitsmaatskappy in Angola verbonde was. André het hom daarna as 'n suksesvolle mielieboer op 'n plaas naby Wolmaransstad gevestig, waar hy op die vroeë ouderdom van 63 oorlede is".

8. Afsterwe van Bob Sparrow

Louw de Beer van die Infanterie verwittig met leedwese van die afsterwe van Bob op 04/05/2020, soos wat hy op FaceBook gesien het. Rus in Vrede.

9. Afsterwe van AO1 Venice (Polly/Sam) van der Poll

Jaap van der Poll van Leërinligting verwittig met leedwese "… dat my suster op 18/05/2020 in 1 Mil Hosp weens kanker oorlede is".

10. Passing of Emmerine : Wife of Jan Rabe of the SAN

Angel advises with deep regret "... of the passing of Emmerine, beloved wife of Jan, at home on 20/05/2020 after a long illness. Our sincere condolences to Jan and their children Susan, Hannelie and Stiaan.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

11. Huldeblyke aan Antoon Cook van Leërinligting

* John Lizamore van die Infanterie

"Ek het vir Antoon goed geken en ons het op drie plekke saam gedien. Hy was 'n nederige mens en 'n goeie offisier. Ek sal hom altyd onthou en is regtig jammer dat hy nie meer met

ons is nie. Na Ans se afsterwe het ek agtergekom dat hy verswak en het hom dikwels gebel om te hoor hoe dit met hom gaan. Hy sou op 24/05/2020 verjaar het".

* Peter Rose of the Infantry

Please send my condolences as Toon and I were good friends. Still stuck in Congo!"

MILITêRE AANGELEENTHEDE

12. Military Dispatches for May 2020

This fine monthly publication by Matt Tennyson is available on the Net and once again features a number of interesting articles for the military enthusiast. Robbie Roberts is the Chairman of the Signals' Association and reports that "…Syd Ireland, who is the oldest member of the Signals' Association and no doubt the oldest Signaller in South Africa, has a photo feature on Page 31 of Military Dispatches".

Shown here below is the front page of this month's edition. The photo was taken when Gen Constand Viljoen was the was guest speaker at the MOTH Border Boys Parade in Cape Town in 2011.

13. Naval Engineers at Work

The following appeared in Spindrift, the journal of the Naval Officers' Association:

14. The Basics of Good Intelligence

Mike Huxtable of Army Intelligence provided the following statement which is attributed to Rudyard Kipling:



TOEKOMSTIGE OORLOë

15. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

16. NTR.

FUNCTIONING OF THE REGULAR FORCE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

17. Appointment of Preferred Service Providers. The RFMCF has made certain changes to the benefits of members in their drive to contain costs to ensure the financial sustainability of the Fund. It is explained that Preferred Service Providers are healthcare providers like doctors, pharmacists, hospitals, that is the RFMCF's first choice when its members need diagnosis, treatment or care for a specific medical condition.

Members who choose not to use the Preferred Service Provider selected by the Fund may have to pay a portion of the medical bill as a co-payment. This co-payment will be the difference between the Preferred Service Provider's tariff amount and the amount charged by the provider the member chooses to use. The Preferred Service Providers are the following:

* Chronic Dialysis. National Renal Care and Life Healthcare.

* Oncology. ICON.

* Home Oxygen. Ecomed Medical.

18. Supplying of Hearing Aids

Members have a limit of R15 000 for hearing aids every five years. The authorisation process will not change as the SA Military Health Service (SAMHS) will still provide the authority for services by means of a DD2703 authorisation. The SAMHS will give authorisations according to the appointed Preferred Service Providers.

19. Update of Contact Information

The RFMCF plans to have more communication with our members. For this reason, we need all your contact information to be updated at all time. We will provide a form for completion twhich can be requested from the fax number at 012-679 4463 or
e-mail address at membership@rfmcf.co.za**.**

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

20. The Anniversary

On 08/05/2020 the 75th anniversary of VE Day (Victory in Europe) celebrated the end of WW 2 in Europe.

21. Reünie na Eerste Innname by die Burgelike Beskermingskol (Burg B Kol)

Arina Jooste is die reüniekoordineerder en noem dat "... in 1971, bykans 50 jaar gelede, het die SAW 'n lank bestaande behoefte in 'n werklikheid omskep toe 128 meisies, hoofsaaklik skoolverlaters, met vlinders in die maag en groot onsekerheid by die nuutgestigte Burg B Kol op George vir opleiding aangemeld het. Tydens die amptelike opening het die destydse Minister van Verdediging, Mnr PW Botha, gesê dat '... *die Kollege 'n daad van vertroue in die vroue van die land is. Hierdie meisies is toekomstige leiers. Hulle is uit baie aansoeke fyn gekeur'.*

Etlike van hierdie studente het later met hulle talente besondere bydraes gemaak in die akademie, gesondheidsberoepe, welsynswêreld en op verskeie ander terreine. Enkele van hulle het selfs 'n loopbaan in die SAW gevolg. Van hulle het pioniers geword as die eerste offisiere en onderoffisiere wat dekades later hulle loopbane as senior lede beëindig het.

Hierdie oud-studente beplan 'n 50 jaar reünie op George oor die periode
4-6/05/2021. Daar word tans nog gesoek na 27 van die oorspronklke 128 meisies. Kontak asseblief vir Annatjie Els op 072 598 4876. Die Veterane word ook versoek om hierdie geskiedkundige geleentheid verder te adverteer".

Op die foto hieronder pronk Fritz Thirion met sy meisies tydens 'n parade.

22. Kmdmt N Tvl se HK Eenheid Reaksie Mag

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie verskaf "… hierdie beskadigde foto van Kmdmt N Tvl se Reaksie-eenheid wat in 1992 met lede van die Staande Mag gestig is. Die eenheid was spesifiek opgelei om teen radikale regse elemente op te tree. Vroue-lede was deel

hiervan om veral met die deursoeking van vroue te help. Die bevelselement het uit myself, Giel Kotze en Jerry van Achterberg bestaan. Genl-maj Fourie het later beslis dat vroue nie aangewend mag word nie.

23. Paul Els se Ervarings met die Bewaring van ons Militêre Geskiedenis

“Op 04/05/2020 kry ek ‘n oproep van die seun van Cor van Niekerk, wat ons twee jaar gelede begrawe het. Hulle was op die punt om Cor se fotos te vernietig en vra toe of ek belangstel. Ek kan al hulle albums skandeer en op DVD vir bewaring plaas, dan kan die fotos maar vernietig word. Ek vertel dit vir ‘n vriend van my op Bakkiesblad en hy stuur vir my die volgende somber nuus:

‘Paul that is just so alarming. I went to pick up something from a local general who told me he had just spent two whole days shredding his old photos from the Border War. The historical loss is unimaginable’.

Ek vra asseblief dat die boodskap uitgedra word dat ons geskiedenis bewaar moet word. Daar is talle mense wat sal belangstel om enige fotos en dokumente vir hulle boeke en versamelings te gebruik. Daar is mense wat ook enige aandenkings benodig vir bewaring vir die toekoms.

‘n Vriend van my in Nieu Zeeland het hierdie versameling in ‘n gebou bewaar wat hy vir die doel gebou het:

24. Stafgeskrif oor die Stryd in Angola

Louis Coetzee van die Lugafweer was die HISD van die SD Tak by die SA Leërkol in 1978 en 1979 en verwittig dat die Bevel- en Stafkursus van 1978 tydens die Militêre Geskiedenisfase take oor die stryd in Angola, Indo-Sjina, Maleisië en oor Op Yom Kippur moes opstel, waartydens dr Kas Bakkes as vakspesialis opgetree het. Hieronder verskyn die eerste bladsy van die taak oor Angola, wat veral oor die tydperk 1961 tot 1967 gehandel het. Mo Oelschig, wat onder andere Vise-konsul in Luanda was, het as sindikaatleier opgetree en Louis glo dat die stafgeskrif, wat ongeveer 1 cm dik is, oor geskiedkundige waarde beskik. Kontak asseblief vir Louis by cynlou7244@icloud.com indien u sou belangstel om hierdie stafgeskrif te bekom. Nota. Daar word wyd geglo dat G1978 die beste stafkursus is wat nog ooit by die SA Leërkol aangebied is.



Kopieno: 1

SD/19/2/1

ANGOLA

Aanhangsel A : Bibliografie

INLEIDING

1. Die eerste Europese moondheid om in Afrika betrokke te raak was die laaste om daar pad te gee. In 1483 het Diogo Cao in Angola voet aan wal gesit en op 13 Desember 1975 het die laaste Portugese amptenaar onttrek. Die land was in totale chaos, die bevolking steeds gewikkel in 'n bloedige burgeroorlog. Meer as vier eeue van opoffering en ontwikkeling deur die Portugese kolonialiste is tot niet.

DOEL

2. Die doel van hierdie stafgeskrif is om:

a. 'n Algemene oorsig van die stryd tussen 1961 en 1967 te gee.

b. 'n Vergelyking te tref tussen Portugese operasies in Suidoos-Angola en dié in Noord-Angola ten einde die invloed van terrein op TEIN operasies te illustreer.

c. Die Portugese optrede tydens Operasie Bombay te analiseer.

d. Die politieke optrede deur die Portugese Regering oor die tydperk 1961 en 1974 te ontleed.

e. Aan te dui waarom die Portugese die stryd in Angola verloor het.

GEHEIM

NUWE MILITêRE BOEKE

25. Boek oor Sektore 20 en 70. Johan van Wyngaard van Leërinligting is besig met ‘n opvolgweergawe van sy boek oor Sektor 70, maar kombineer dit met Sektor 20. Johan benodig die volgende informasie:

* Enige inligting oor maj Geoffrey Preston-Thomas, die eerste bevelvoerder van 33/701 Bn wat op 26/06/2018 oorlede is. Waar het Geoff gedien voordat hy Caprivi toe is en waarheen is hy in 1980 verplaas?

* Met die stig van die grensbataljons was twee kapteins as bevelvoerders aangestel, naamlik Paul Swanepoel by 34 Bn en GPM McLachlan by 35 Bn. Twee majore is as bevelvoerders aangestel, naamlik Preston-Thomas by 33 Bn en Pinkie Coetzee by 36 Bn. Weet iemand hoe hierdie lede gekies is en die kriteria wat gebruik is om elkeen by die spesifieke eenhede te plaas? Insette sal op my e-posadres by johanvwyn@gmail.com waardeer word”.

26. *Ratel : The Making of a Legend*

Tony Savides van die Meg Infanterie rapporteer dat “... na tien jaar se werk, lê die Ratelboek tans by die drukkers en wag vir ‘... *kom op parade!’* wat volgende maand sal gebeur. Hierdie is steeds ‘n nie-vir-winsprojek en enige opbrengs word in ‘n fonds by 61 Meg Bn se Veterane-vereniging inbetaal om behoeftige veterane by te staan.

Dit is ‘n twee-boek stel van net meer as ‘n duisend bladsye in die volgende twee weergawes:

* Versamelaarsuitgawe

Dit is ‘n beperkte uitgawe in hardewand, in’n houer en met ‘n persoonlike inskripsie of sub-titel op die voorblad gedruk, volgens die wens van die koper. So, byvoorbeeld kan iemand sy destydse Nommer, rang, naam en eenheid op die voorblad laat druk of miskien die radio-roepsein van die Ratel waarin hy aan spesifieke operasies deelgeneem het. Die keuse is wyd maar elke stel is dan op hierdie wyse uniek. Die verkoopprys van hierdie weergawe is R1 600 per stel. Die gewig is ongeveer 3,5kg in die houer.

* Standaarduitgawe

Dit is in sagtewand, sonder die houer en inskripsie. Die verkoopprys is R700 per stel van twee en die gewig is ongeveer 2,5kg.

Die inhoud van die Versamelaars- en Standaarduitgawes is dieselfde. Pos-, Postnet- of koerierkostes moet bygevoeg word. Die stelle sal mettertyd in Centurion afgehaal kan word.

Daar is vele pogings aangewend om ‘n uitgewer of verspreider vir die Ratelboek te werf, maar dit was tevergeefs en die span moes hierdie take uiteindelik self aanpak. Met die hulp en bystand van talle ander Ratelliefhebbers word hierdie boek tans aanlyn verkoop. Die boek is in Engels en slegs aanlyn beskikbaar.

Die twee dele of volumes van die die boek dek die volgende:

* Volume 1: Origins. Hanteer die agtergrond tot die behoefte aan ‘n IGV; die gebruikersvereistes; die evaluasie van verskeie aanbiedings en die ontwikkeling, toets, evaluasie en produksie van die Ratel en sy verskeie variante.

* Volume 2: Life with Ratel. Behels die ontwikkeling van die doktrine vir aanwending van die Ratel; die gebruikersevaluasies en die aanwending van Ratel in die Grensoorlog vanaf 1978 tot 1989. Hierdie deel gaan nie spesifiek oor die Grensoorlog nie maar meer oor Ratel se aandeel daarin. Dit vervat talle oorvertellings van die ervaring van manne wat in Ratels aan operasies deelgeneem het. In kort, die ontwikkeling van Ratel van 'n gevegsvoertuig met potensiaal tot 'n gedugte en beproefde gevegstelsel waarvan die personeel die belangrikste komponent uitmaak. Volume 2 is tot 'n groot mate ook hulle verhaal.

Die volgende was die skrywers:

* Krygkor: W.C. Botha (sedertien oorlede) en William Haddad.

* SAW: Roland De Vries, Sarge Nell, jan Ehlert, Tony Savides en Wessie (AJO) Van Der Westhuizen.

Bestellings word by die volgende geplaas:

* Versamelaarsuitgawe:

TIXSA by https://tickets.tixsa.co.za/event/the-ratel-book.

Bush War Books by https://www.warbooks.co.za/products/ratel-the-making-of-a-legend-2-volume-bookset?variant=32167670841434.

* Standaarduitgawe

Bush War Books by https://www.warbooks.co.za/products/ratel-the-making-of-a-legend-2-volume-bookset?variant=32167670841434

Die 61 Meg Veterane-vereeniging by admin@61mech.org.za

Op Facebook by https://www.facebook.com/theratelbook/

So lyk die voor-produksie weergawe:



PAUL ELS SE BOEKE

27. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

28. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for May 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

29. NTR.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

30. Vertraging met die Uitbetaal van Pensioene

Attie Keeve se weduwee, Estelle Keeve, noem "… dat Buks Koen en Chris Wehrmann reeds amper vyf maande gelede oorlede is, maar dat die GEPF nog nie daarin kon slaag om die pensioenvoordele aan die weduwees uit te betaal nie. Die weduwees het in hierdie tydperk geen ander inkomste gehad nie. Estelle se selno is 083 447 2214".

Estelle verwittig later dat die GEPF nou met Linda Koen kontak gemaak het.

WELSYNSWERK

31. NTR.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

32. GEPF Investment Expenses is Cause for Concern

In a statement to the media, AP Stemmet asked whether the Board of Trustees of the GEPF is really in control of the investment of the Fund. He stated that our auditor colleague analysed the 2018 Annual Report of the GEPF and raised the matter of Investment Expenses of the pension fund. He came to the conclusion that the investment expenses are visibly out of line with the growth in the investment balance and the productiveness of those underlying assets. The Mpati Commission also considered this matter and made the following recommendation:

"A detailed investigation should be initiated by PIC management (potentially with the support of appropriate governmental prosecuting bodies) to create an exhaustive list of all fess paid over R5 million since 2014. This list must then be interrogated to aggressively initiate legal processes of recovery where appropriate."

AMAGP agrees fully with the recommendation of the Mpati Commission as well as the conclusions of our colleague. We have noted with gratitude that the Public Investment Corporation (PIC) is already giving attention to the recommendations of the Commission with regards to the recommendation referred to above. AMAGP suggests that auditors be involved in the detailed investigations into transaction fees.

We must ask where exactly does the GEPF Board as principal in the asset manager relationship feature in this matter. Did the Trustees not become aware that the investment expenses rocketed to an estimated R14 billion since 2014? It should be remembered that they annually signed off their statement of responsibility certifying that they

* ensured that proper internal control systems were implemented by or on behalf of the Fund.

* ensured that investments of the Fund were made and maintained in accordance with the Fund's investment strategy.

The Mpati Commission proved beyond doubt that the control over investments including transaction fees was serious lacking. So, is the Board of Trustees really in control? The facts indicate otherwise.

33. Werwing van Nuwe Lede vir AMAGP

As Kleynhans van AMAGP noem dat AMAGP se geregistreerde ledetal die afgelope twee jaar tot meer as 5 000 gegroei het. Ons bemarkingspoging via die sosiale media is suksesvol, maar daar is duisende pensioenarisse wat nie die sosiale media, of selfs net die internet, gebruik nie. Talle van ons pensioenarisse poog om van ons aanlynregistrasie-vorms gebruik te maak en dan twyfel of dit veilig is. AMAGP het nog talle lede nodig om ons geloofwaardigheid en bedingingsvermoë te verhoog en het daarom die vrymoedigheid om u hulp te vra. Elkeen van u ken oud-kollegas en gades van afgestorwe lede. U weet ook van Veteranegroepe of verenigings vir oud- staatsamptenare, asook van aftree-oorde en gemeenskappe waar van ons pensioenarisse woon en sosiaal verkeer. Ek sal graag elke GEPF pensioenaris as AMAGP lid registreer indien ek net die volgende informasie by askleynhans@telkomsa.net kan ontvang:

* Voorletters en van.
* ID of pensioennommer.
* E-posadres of selnommer.

34. New Issue of the GEPF Monitor

The new Issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

35. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1 000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

AMAGP GEPF Waghond Watch Dog
NPO Registration No. 198-822
SEMPER VIGILANS
Association for Monitoring and Advocacy of Government Pensions

SOEKTOGTE

36. Waar is Cas Wessels van die Infanterie?

Hendrik van Schalkwyk is opsoek na Cas Wessels wat in 1975 en 1976 op Upington in die SA Leër gedien het. Hendrik se e-posadres is palmnutlodge@gmail.com".

37. Where are the Family of Capt John Frederick Kinnery of the SAAF?

Hennie Heymans of the ZARPe advises that he had received an enquiry from Mr Ruud Slangen in the Netherlands, who informed Hennie that his association, Bond van Wapenbroers, wishes to make contact with any relatives of Capt Kinnery. He states "…that Capt Kinnery was apparently seconded to 29 Sqn of the RAF during WW2, whose Mosquito crashed near my hometown, Harderwijk, on 02/02/1944. He lies buried here in Harderwijk, together with 42 other aircrew members who had fallen during WW2. My Veterans' Organisation remembers them with a small ceremony in November of every year. We would appreciate it if we could advise John's relatives that his name is not forgotten and to get a photo if at all possible. His particulars are as follows:

Capt John Frederick Kinnery.
Service number 102495V.
Pilot of De Havilland Mosquito MM519 RO-?
His navigator was Flight Officer JD Morgan.

We would really appreciate any assistance. My e-mail address is ruudslangen@tiscali.nl".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

38. Jaarlikse Gedenkdiens by die SAW se Muur van Herinnering

Johann du Preez van die Raad vir Militêre Veterane Organisasies SA (RMVO SA) nooi almal namens die Voorsitter en lede van die RMVO om na 'n uitsending te kyk van die Jaarlikse Gedenkdiens by die SAW se Muur van Herinnering by die Voortrekker Monument se Erfenisterrein. Die normale diens is weens die Covid-19 pandemie gekanselleer, maar dit verhoed ons nie om ons makkers, wat die hoogste prys betaal het, steeds te vereer nie.

Kyk saam om 10:00 op Sondag 31/05/2020 deur op die skakel by http://livestream.com/baruchmedia/milvets te kliek. Na afloop van die diens kan kommentaar, voorstelle of verhale na cmvo-memorial@milvets.co.za gestuur word.

RMVO
CMVO

ADMINISTRASIE

39. NTR.

NETWORKING

40. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

41. Food for Thought. NTR.

42. Lack of Humour. The effect of the Cremora-virus has led to a complete drying up of all humour.

SLOT

43. And on that dry note, geniet die naweek en die nuwe week, maar bly vir eers by die huis.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

44. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.